


*Willem Punt in 1931*

# DR WILLEM PUNT EN DIE GENOOTSKAP OUD-PRETORIA

Wat hier volg is byna uitsluitlik uit die notuleboek van die Genootskap Oud-Pretoria saamgestel, hier en daar aangevul uit eie herinnering. Dr. Punt kan die vader en stigter en, vir die eerste tien jaar altans, die siel van die Genootskap genoem word. Die meeste van die projekte wat hier taamlik willekeurig beskryf word, is deur hom begin. Sommige het geslaag, ander nie. Altyd was sy vindingrykheid en geesdrif daaragter.

A. Ontstaan

Die stigtingsvergadering van die Genootskap Oud-Pretoria vind plaas op 22 Maart 1948 in die huis van dr en mev. W. Punt, St. Patricksweg, Muckleneuk, Pretoria. Die lys van teenwoordiges lees soos volg: mnr W. Punt (hy het toe nog-nie sy doktorsgraad gehad nie), mnr M. van Niekerk (destyds verbonde aan die Staatsargief), dr G. Ueckerman (Lovedaystraat 255), mev Estelle Lane (Walkerstraat 289), dr V. FitzSimons (direkteur van die Transvaalse Museum), dr J. Ploeger (Jorissenstraat 289), dr Coenraad Beyers (direkteur van die Staatsargief), prof A.N. Pelzer (Universiteit van Pretoria), mnr P.J.H. Basson (Pretoriase Besoekersburo), mej. Cobie Court (suster van dr Punt), mnr Albert Kuit (spoorwegkommissaris en amateur historikus) en mnr H.P.H. Behrens (van die afdeling van die Stadsklerk). Afwesig met verskoning was: dr P.J. du Toit (bekende geleerde van Onderstepoort), prof. S.P. Engelbrecht (bekende kerkhistorikus van die Universiteit van Pretoria), mnr, later dr, J.M. Mouton (staatsargief), mnr en mev. W. Cooper, ds Smal (Proklamasieheuwel), mnr S.L. van Wyk (Filmburo), en dr F.C.L. Bosman (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns).

Almal was bekende inwoners van Pretoria. Hoeveel van hulle tans nog in lewe is, het ek nie probeer vasstel nie. Die meeste is nie meer by ons nie.

Mnr Punt het die doel van die byeenkoms verduidelik, nl. "om die wenslikheid van die stigting van 'n vereniging, genootskap, komitee of ander liggaam te bespreek wat die voortou sou neem met die navorsing aangaande die geskiedenis van Pretoria". Dit het hom opgeval, het hy gesê, dat daar nie so 'n liggaam in Pretoria bestaan nie, terwyl dit die geval in ander stede is. Of daar veel bespreking was, meld die notule nie. Almal was eenstemmig. Daar is besluit "om 'n liggaam te stig waarvan die hoofdoel navorsing in verband met die geskiedenis van die hoofstad sal wees". Daarop is mnre Punt en Behrens tot waarnemende voorsitter en sekretaris gekies.

As naam vir die nuwe liggaam is die volgende voorgestel: Uniehoofstad Historiese Genootskap, Pretoria Historical Society, Vereniging Ou-Pretoria, Pretoria Historical Research Committee, Historiese Vereniging Pretoria, Pretoria Society of Historical Research. Daar is daardie aand nie op 'n naam besluit nie. Op voorstel van mnr Kuit is 'n voorlopige bestuur gekies bestaande uit die reeds genoemde voorsitter en sekretaris, prof Pelzer en dr Beyers.

Hierdie voorlopige bestuur het op 25 Maart 1948 'n ontwerp grondwet saamgestel wat op die eersvolgende ledevergadering, gehou op 7 April 1948 in die Pretoriase Besoekersburo op Kerkplein, formeel goedgekeur is. Verder lees ons in die notule van hierdie byeenkoms: "Die vergadering het besluit dat die naam van die vereniging die Genootskap Oud-Pretoria sal wees / The meeting

decided that the name of the society should be the Association Old Pretoria." Teenwoordig en met verskoning vir afwesigheid vind ons omtrent dieselfde name wat by die eerste vergadering hierbo genoem is. Volgens 'n formele besluit is hulle as stigterslede aangemerk.

Hierna is die eerste bestuur van die Genootskap gekies: mnr W. Punt voorsitter, mnr A. Kuit ondervoorsitter, mnr H.P.H. Behrens sekretaris, mnr P.J.H. Basson, penningmeester, mnr J.M. Mouton argivaris en lede: prof Pelzer, mev Punt, dr Ueckerman en dr FitzSimons. Daar is besluit om die stadsraad in kennis te stel van die stigting van die genootskap en 'n kopie van die grondwet te stuur. So het dit begin.

**B. Bestuur**

Op 'n bestuursvergadering van 28 Oktober 1948 verskyn my naam vir die eerste keer op die notule toe mnr G.J. van Eck, dr J.H. Breytenbach en ek as nuwe lede van die genootskap gekies is. Iemand moes my naam genoem het as moontlike sekretaris, waarskynlik prof Pelzer. Hy het my altans genader en ek het my laat ompraat. By bogenoemde vergadering is mnr G.J. van Eck, dr J.H. Breytenbach en ek as lede gekies en tydens die eerste jaarvergadering, 19 November 1948, waarop slegs agt lede teenwoordig was, is ek as sekretaris gekies. Dit het gebeur in die Filmsaal, Impalagebou. Daar by die ingang van die gebou het ek dr Punt vir die eerste keer ontmoet. Ek het my enigsins 'n indringer gevoel onder 'n groep mense wat mekaar goed ken het. Ek was nog maar net twee jaar in Pretoria woonagtig en het dit ligweg ironies gevind dat ek, 'n vreemdeling in die stad, sekretaris moes word van die Pretoriase historiese vereniging. Nietemin, ek het die benoeming aanvaar en het sedert dien eintlik nooit weer los gekom van die Genootskap nie.

Die bestuurslede van die eerste tien jaar is, glo ek, vir die grootste gedeelte deur dr Punt self gerekruteer. Sommige van hulle het Pretoria nog uit die vorige eeu geken. Ander het weens hulle betrokkenheid by die geskiedenis by die Genootskap tereg gekom; ander bloot uit belangstelling vir ou Pretoria.

In November 1949 is mej. J.H. Davies, van die Staatsargief, as hulpsekretaresse gekies. Met haar opgewekte geaardheid het sy luister aan die vergaderings verleen. Sy is later na Kaapstad verplaas waar sy ten slotte hoofargivaris geword het. Ook dr Mouton is in hierdie tyd verplaas en wel na Bloemfontein, waar hy later 'n vereniging op die patroon van die Genootskap Oud-Pretoria probeer stig het.

Teen die einde van 1950 het mnr J.P. (Oom Hansie) Kleinhans bygekom, 'n kleurryke figuur wat interessant van die Pretoria van sy kinderjare kon vertel; sy vader was lid van Oom Paul se volksraad. Ook dr W.J. de Kock, dosent in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, ook 'n indringer soos ek, het sy plek op die bestuur gekry. Hy het besondere begrip vir die plaaslike geskiedenis aan die dag gelê; hy was veral doenig tydens die eeufees van Pretoria. Dan het mnr J.C. Vlok (Oom Vlokkie) ook 'n paar jaar op die bestuur gedien. Hy was 'n joernalis van *Die Volkstem* en kon interessant vertel van Eugène Marais en van Leipoldt se verblyf in Pretoria. Mnr J.P. Jooste (Oom Piet) was ook een van die ou garde, na ek meen op een stadium privaat sekretaris van genl Louis Botha. Ons het 'n paar keer in sy huis in Bourkestraat vergader, 'n huis wat nog die atmosfeer van gister bewaar het.

In 1951 het mev. H. Grenlees mev Lane op die bestuur vervang. Sy was, as ek goed onthou, 'n dogter van E. Meintjes, een van die ou inwoners van die stad. Sy en haar suster, mev De Zwaan, het baie uit die ou dae kon vertel. Sedert 1952 verskyn dr T.S. van Rooyen, ook van die Geskiedenis-departement van die Universiteit van Pretoria, op die bestuur. Hy het vir etlike jare 'n belangrike rol in die Genootskap gespeel, ook as redakteur van *Pretoriana* en later as voorsitter.

Mnr (later dr) Herman Rex se naam verskyn in 1953 vir die eerste keer op die bestuur. As kenner van die geskiedenis van Pretoria soos weinig ander, was sy aandeel groot, hoewel afwisselend soos hy by tye bedank het en dan weer toegetree het. Kaptein (tans generaal) H. de V. du Toit het, hoewel nie vir lank nie, ook op die bestuur gedien. Nog twee persone wat in 1953 op die bestuur kom, is mnr H.A. de Loor, bekende sakeman, wat prof Pelzer as ondervoorsitter opgevolg het, en mnr (later dr) R. Peacock, wat op daardie stadium besig was met sy proefskrif oor die geskiedenis van Pretoria en reeds 'n gesaghebbende op die gebied was. Nog 'n belangrike toevoeging in hierdie jaar was dr G. Rissik van die Reserwebank, wat, ondanks sy veelvuldige pligte, vir etlike jare as penningmeester gedien het.

'n Belangrike figuur wat in 1954 op die bestuur verkies is, was dr G.W. Eybers, bekende skrywer en opvoedkundige, wat later die voorsitterstoel van dr Punt oorgeneem het. As argivaris van die Genootskap is mnr J.F. Preller in 1955 gekies; hy het later hoofargivaris geword. In 1956 kom mnr C.L. de Bruyn, nog 'n bekende sakeman, op die bestuur. Soos op elke terrein van sy wydvertakte bedrywighede, het hy ook hier met sy groot invloed veel vir die Genootskap beteken. Hierdie jaar is ook mnr J.S. Meyer, van die Pretoriase Onderwyskollege, op die bestuur gekies. In 1958 neem mnr (later dr) A.M. Davey oor as argivaris (hy is tans professor aan die Universiteit van Kaapstad) en as sakebestuurder mnr J.M.H. van Aardt, wat toe onderwyser aan die Afrikaanse Hoër Seunskool was. Hy het die Genootskap later as sekretaris gedien.

In die loop van 1959 het dr Punt uitgetree as bestuurslid en voorsitter aangesien hy as direkteur van die nuutgestigte Stigting Simon van der Stel sy hande vol gehad het. Tog het hy nooit sy belangstelling vir die Genootskap Oud-Pretoria verloor nie en dikwels by openbare vergaderings daarvan as spreker opgetree.

### C. Sake uit die notule

Die notules van die bestuurs- en van die jaarvergaderings, asook die jaarverslae, weerspieël die werksaamhede van die Genootskap. Maar 'n notule gee nooit 'n volledige beeld nie. Baie sake wat aangeroer word, verdwyn later eenvoudig sonder 'n aanduiding van wat daarvan geword het. 'n Notule is ook onpersoonlik. Weinig van die gees en geesdrif word daarin teruggevind. Tog bly dit 'n verslag van wat plaasgevind het.

Die bestuur het onder leiding van dr Punt tentatief met sy taak begin. Spoedig het daar 'n hele aantal sake opgeduik wat aandag geverg het. Daar was egter gebrek aan geld. Die stadsraad het welwillend 'n jaarliks subsidie toegestaan en soms 'n ekstra bydrae vir 'n besondere geval geskenk, maar daar was nooit genoeg nie. Die verteenwoordiging van die stadsraad op die bestuur was steeds baie welkom. Met die burgemeester ere-president van die Genootskap, elkeen vir



*Huwelik Willem Henry Jacobus Punt en Phyllis Emily Barry*
*13 Desember 1932*

die duur van sy burgersmeesterskap, het daar dikwels 'n lid van die stadsraad op ons vergaderings verskyn en dikwels waardevolle wenke gegee. Tog was daar om begryplike redes altyd iets wisselvalligs in hierdie bywoning. 'n Stadsraadslid, om nie te praat van 'n burgemeester nie, het nou eenmaal soveel ander sake wat sy aandag benodig.

Wat die algemene publiek betref was daar altyd 'n stryd teen gebrek aan belangstelling. Maar dr Punt het nooit moed verloor nie. Steeds het hy invloedryke inwoners van Pretoria nader gehaal. Daar was etlike van hulle van groot hulp met sekere projekte, sonder dat hulle op die bestuur gedien het, soos byvoorbeeld die kunstenaars Pierneef, Battiss, mev Oerder, Konya en ander, die argitekte Norman Eaton en prof. A.L. Meiring en dan veral ou inwoners wat nog iets oor die verlede kon vertel.

Belangrike gebeurtenisse waaraan die Genootskap deelgehad het was die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949, die driehonderdjarige herdenking van die volksplanting aan die Kaap in 1952, die eeufees van Pretoria in 1955 en die verskuiwing van die Krugerstandbeeld van Stasieplein na Kerkplein.

Net die eerste tien tot elf jaar van dr Punt se voorsitterskap word hier behandel. Die Genootskap het geen tuiste gehad nie, soos vandag nog die geval is. Bestuursvergaderings is gehou onder andere in die besoekersburo, Kerkplein, die kantoor van die burgemeester in die stadshuis, in die kantoor van dr FitzSimons in die Transvaalse Museum en in die kantoor van dr Rissik in die Reserwebank. Openbare vergaderings is meestal in die Macfadyansaal in die destyds gebou van die buitemuurse afdeling van die Universiteit van Pretoria gehou; ook enkele kere in 'n kerksaal.

## D. Skilderye

Op die eerste vergadering, 7 April 1948, het dr Punt verwys na twee skilderye wat Baines indertyd van Pretoria geskilder het, waarvan die heenkome van een nie bekend was nie. Mev. Punt is gevra om dit te probeer opspoor. Sy het daarin geslaag en die skildery het sy plek in die versameling van die stadraad gekry. Volgens een bewering was hierdie of 'n ander skildery in die besit van genl Smuts, wat belowe het om dit aan die stadsraad te skenk.

Op die jaarvergadering van 29 November 1949 wens die voorsitter, dr Punt, die stadsraad geluk met die aankoop van Pierneef se reeks grafiese werke van ou Pretoria.

Op 'n bestuursvergadering van 1 September 1950 maak mnr J.C. Vlok melding van twee muurskilderye in die huis van die eertydse kommissaris van mynwese, Christiaan Joubert, wat deur Oerder geskilder is. Een daarvan was die wapen van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die ander die wapen van Nederland. Die huis – dit het in die destyds Mainstraat, Muckleneuk, tans Normaalstraat, gestaan – was reeds in 'n vervalle toestand. Dr Punt het hierna onvermoeid probeer om die skilderye op een of ander manier te red. Ten slotte is 'n film daarvan geneem, wat, meen ek, in die argief van die Genootskap bewaar word.

Op 20 Oktober 1950 maak die voorsitter melding van 'n plan wat hy toe reeds met Pierneef bespreek het, nl. dat hy, Pierneef, en Battiss en mev. Battiss en Konya versoek word om ou geboue in Pretoria op 'n stelselmatige basis te skilder en so 'n versameling byeen te bring. Wat van hierdie mooi plan geword het kon nie vasgestel word nie.

## E. Straat- en plekname

Een van die eerste projekte wat die Genootskap Oud-Pretoria aangepak het, was om die geskiedenis van Pretoria se straatname na te vors. Van die stadsraad is 'n lys van straatname verkry. Die verskillende voorstede en stadswyke is aan sekere lede uitgedeel en op die manier is die herkoms van baie name opgespoor en mettertyd in *Pretoriana* gepubliseer.

Dit het daartoe gelei dat die stadsraad later die Genootskap se hulp ingeroep het met nuwe benaminge. Die beleid van die Genootskap, soos deur dr Punt geformuleer, was dat die oudste naam gehandhaaf moet word en dat slegs by duplikasie na nuwe name gesoek moet word. Hierdie beleid is mettertyd deur die stadsraad aanvaar en sedert dié tyd is die Genootskap nog steeds op die pleknamekomitee van die stadsraad verteenwoordig.

Een van die name, vir 'n voorstad, van dr Punt, wat aanvaar is, is Waltloo, genoem na Van der Walt en Prinsloo, twee oorspronklike plaaseienaars van die gebied waar Pretoria verrys het. Name vir die strate van die gebied is ook deur die Genootskap voorgestel, sommige waarvan aanvaar is. 'n Nuwe voorstad sou eers Klapperkop heet, maar op voorstel van dr Punt is die ou plaasnaam Groenkloof daarvoor aanvaar. Op 'n later stadium het die voorstad Lukasrand ontstaan, ook 'n naam wat, na ek meen, by dr Punt sy oorsprong gehad het. Dit is genoem na Lukas Bronkhorst, eerste bewoner van die gebied van die Fonteine en omliggende streke. Dit is maar enkele voorbeelde uit baie ander.

Toe die 300-jarige bestaansjaar van die volksplanting aan die Kaap aangebreek het, het dr Punt daarop aangedring dat hierdie gebeurtenis deur naamgewing herdenk moes word. So ontstaan op sy voorstel Maria van Riebeecklaan en die Van Riebeeck-natuurreservaat.

## F. Pretoriana

Die vader van *Pretoriana* is dr Jan Ploeger. Op 11 April 1951 het hy op 'n bestuursvergadering die uitgee van 'n "kwartaalblad" bepleit. Hy het toe al reeds met 'n uitgewer onderhandel en kon min of meer die koste daaraan verbonde aan die vergadering oordra. Die plan is algemeen toegejuig en dr Ploeger is gevra om 'n memorandum op te stel. Hierdie memorandum het op die volgende vergadering gedien en is aanvaar. Die eerste redaksie is benoem bestaande uit dr Ploeger, mej Davies, mnr Vlok en die sekretaris. Toe daar 'n naam gesoek is, is die voorstel van mnr P.J.H. Basson, *Pretoriana*, aangeneem. So het dit begin.

Die eerste uitgawe is vertraag deur 'n brand in die drukkery (Trio), maar in September 1951 verskyn dit. Die voorblad is versier deur die bekende tekening van Pierneef van die ou kerkie op Kerkplein; 'n toesegging wat dr Punt goedgunstiglik van die kunstenaar verkry het. Die firma De Bruyn se Skoenwinkel het vir die eerste jaargang borg gestaan. Van die burgemeester raadslid J.H. Visse verskyn daar 'n voorwoord: "Ons weet dat Pretoria se geskiedenis so te sê oorlaai is met feite wat nie net interessant is nie maar ook uiters belangrik . . . 'Pretoriana' sal myns insiens hierdie verlede – so anders as die hede – laat herleef." Ook van dr Punt verskyn daar 'n kort voorwoord: "Ons vertrou dat 'Pretoriana' mettertyd 'n bron van waardevolle en interessante gegewens in verband met die ontstaan en wording van die administratiewe Hoofstad van die Unie sal wees." 'n Vertroue wat in baie opsigte seker bewaarheid is.

Dr Ploeger was tot 28 Julie 1952 redakteur toe hy deur dr T.S. van Rooyen opgevolg is. Dat *Pretoriana* na 32 jaar nog steeds verskyn is ongetwyfeld 'n prestasie vir 'n blad van die aard.

**G. Ou geboue**

Heel in die begin het dr Punt die Genootskap se aandag gevestig op die murasie van J.G. Bronkhorst se huis in die Fonteinedal. Bronkhorst was die eerste blanke bewoner van die omgewing waar Pretoria later ontstaan het. Na vertoë tot die stadsraad is die oorblyfsels van die huis oordek en afgekamp en van 'n nodige naambord voorsien.

Op 16 Maart 1949 is die lot van die oudste toe nog bestaande huis in Pretoria bespreek. Weer was dit dr Punt wat die aandag daarop gevestig het. Dit was Fountain Lodge, ook bekend as die Bras Pereira-huis. Hierdie aangeleentheid word hieronder apart behandel.

Toe die NZASM-geboue in Paul Krugerstraat met sloping bedreig is, is voorgestel dat hulle bewaar en as museums gebruik word. Dit gaan hier om die kantoorgeboue van die eertydse maatskappy en die woning van die direkteur daarvan. Ook dit was tevergeefs. 'n Brief aan die Historiese Monumente-kommissie het ook geen resultaat gehad nie. Tog is enkele oorblyfsels van die ou geboue in die nuwe ingebou.

Die Genootskap het in 1950 beswaar gemaak teen die beplande verwydering van drie eiekebome langs Visagiestraat. Op 'n bestuursvergadering het mnr F. le Roux, verteenwoordiger van die stadsraad, verduidelik dat "deskundige ondersoek . . . aan die lig gebring het dat hulle werklik 'n gevaar is", maar hy het belowe dat die stadsraad die saak sal heroorweeg. Die bome staan vandag nog daar.

Op 'n bestuursvergadering is besluit om die stadsraad te vra om alle ou geboue wat gesloop sou word, onder die aandag van die Genootskap Oud-Pretoria te bring. Die stadsraad het dit onderneem, maar moontlik as gevolg van amptelike probleme het daar weinig van tereg gekom.

In dié tyd was daar nog maar weinig ou geboue in Pretoria tot historiese monumente verklaar. Een daarvan was die ou Raadsaal en daar is selfs 'n Ou Raadsaal-bewaringskomitee gestig waarop dr Punt die Genootskap Oud-Pretoria verteenwoordig het. Op 'n bestuursvergadering vertel mnr Behrens dat die stadsraad van plan was om van die gebou 'n werklike historiese monument te maak en die administrasie daaruit te verwyder. Hy vertel ook dat die provinsie die aangrensende terrein, die garage van Alderson en Flitton, opgekoop het om daar 'n nuwe en hoë administratiewe gebou op te rig, en wat meer is dat daar 'n plan bestaan om die nuwe gebou by wyse van 'n tonnel met die ou Raadsaal te verbind. Hierteen het dadelik protes ontstaan. Ook teen die nuwe beplande gebou wat veel hoër as die ou Raadsaal sal uitstaan en afbreuk aan die estetiese voorkoms daarvan sou doen. Dit ontwikkel tot 'n lang stryd van die kant van die Genootskap en ook ander liggame teen die beplande gebou. Dit het egter niks gehelp nie. Die gebou het mettertyd verrys en oorskadu tans die ou republikeinse hoofgebou. Hierna het die Genootskap vertoë tot die Historiese Monumentekommissie gerig en die gebou is eindelik tot historiese monument verklaar. Ongeveer dieselfde het heelwat later met die Paleis van Justisie gebeur. Ook hier was 'n plan om

’n nuwe gebou oorkant Parlementstraat op te rig en dit by wyse van ’n brug met die ou gebou te verbind. Hier het die proteste gelukkig geslaag. Die gebou is nie opgerig nie en van die brug, net soos van die tonnel in die vorige geval, het niks gekom nie.

Meer onmiddellike sukses het die Genootskap gehad in sy vertoë tot die Provinsiale Adminsitrasie om op die voorgewel van die ou Raadsaal weer die republikeinse wapen aan te bring soos dit oorspronklik was. Dit is namelik na die Anglo-Boere-oorlog deur die Engelse wapen vervang. Ek herinner my nog ’n afvaardiging van die Genootskap, gelei deur dr Punt, na dr Nicol, die administrateur, en dr Wassenaar, lid van die Uitvoerende Komitee. Ons versoek is onmiddellik toegestaan en mettertyd is die werk uitgevoer.

Op Kerkplein is na verloop van tyd albei bogenoemde ou geboue en ook die ou Muntgebou tot historiese monumente verklaar.

### H. Wapen

Reeds baie vroeg is daar ’n behoefte gevoel aan ’n eie wapen en briefhoofde vir die Genootskap Oud-Pretoria. Op 26 Oktober 1950 deel dr Punt die bestuur mee dat hy ’n wapen saamgestel het “uit ’n gedeelte van die wapen van Pretoria en ’n gedeelte van die van die Zuid-Afrikaansche Republiek”. Hy lê ’n skets daarvan voor wat op sy aanwysings deur Walter Battiss geteken is. Beswaar was dat daar te veel vlae op die ontwerp voorkom, en die saak is na ’n kommissie verwys, bestaande uit die voorsitter, die sekretaris, met koöpsie van dr Beyers en mnr Gerard, albei kenners van die heraldiek.

Twee spreuke is voorgestel: *Praesens in Praeterito* (die hede in die verlede) en *Praetentum Conservatum Est* (die verlede moet beskerm word). Soos bekend is eersgenoemde aanvaar. Die voorgestelde wapen is deur die volgende jaarvergadering (21–11–1950) in beginsel goedgekeur en terug verwys na die bestuur vir verdere oorweging.

Blykbaar het die eerste ontwerp skipbreuk gely. In 1952 kom dr Punt weer met ’n ontwerp voor die dag wat soos volg beskryf is: “Die ou kerk soos deur Pierneef geteken as kernstuk, met die wapen van Ouddorp en die VOC daarby opgeneem, alles gesteun deur ’n koedoe en ’n eland”. By die volgende jaarvergadering is tekeninge daarvan deur die kunstenaars Van Beyma en Naudé ter tafel gelê. Weer is die aangeleentheid na die bestuur verwys.

Daar gaan hierna ’n jaar of wat verby voor die saak weer tersprake kom, maar dr Punt het in hierdie tyd nie stil gesit nie. In die notule van ’n bestuursvergadering van 10 Mei 1954 lees ons: “Die voorsitter lê ’n ontwerp, deur hom saamgestel, ter tafel. Daarop kom die volgende vier vakke voor: (1) ’n rustende eland wat op Elandspoort betrekking het, waar die Voortrekkers kom rus het; (2) die ou wapen van Ouddorp, waar die Pretoriusse oorspronklik vandaan kom; (3) die oudste kerkie op Kerkplein; (4) twee veerpenne met die monogram VOC daartussen, as aanduiding dat ons die geskiedenis opteken vanaf die koms van die eerste Pretorius aan die Kaap toe nog onder die bewind van die VOC.” Daar is besluit om die ontwerp aan Pierneef voor te lê en dr Rissik het onderneem om dit aan ’n mnr Gooden, ’n heraldiekkenner in Engeland, te stuur terwyl dr Fitz-Simons dit aan mnr Gerard sou voorlê vir kommentaar.

So het die wapen van die Genootskap uiteindelik sy beslag gekry. Dit verskyn

vandag nog op die buiteblad van *Pretoriana* – asook op die briefhoofde. Vir die ontwerp van laasgenoemde was veral dr Rissik verantwoordelik wat die hulp in geroep het van 'n firma wat ook werk vir die Reserwebank gedoen het.

**I Die Holford-plan en Kerkplein**

Omstreeks 1949–1950 het die stadsraad prof Holford van Engeland genader om 'n plan vir die toekomstige ontwikkeling van Pretoria te ontwerp. So ontstaan die Holford-plan, wat, benewens 'n ringpad, ook verandering aan Kerkplein voorgestel het. Teen laasgenoemde het dr Punt in verset gekom. Volgens hom sou die voorstelle insake Kerkplein "die eenheid van die Plein verbreek en ook die verplasing van die Krugerstandbeeld in gedrang bring." Volgens hom moet die Krugerbeeld in die middel van die Plein staan "met sy gesig na die ooste gekeer."

Die aangeleentheid is hierna op 'n buitengewone bestuursvergadering, 25-11-1950, bespreek. Interessant is die volgende: "Mnr (Piet) Jooste deel mee dat hy indertyd (wanneer) lid van die komitee vir die standbeeld van Kruger was. ADW Wolmarans het toe 'n plek daarvoor by die westelike ingang aangewys. Daar is toe egter besluit dat die Plein nie vir standbeelde gebruik sal word nie." Prof. Plezer het gepleit vir die behoud van die kern van die Plein. Hy was van mening dat die Genootskap hom nie mag uitlaat oor die Holford-plan nie, maar wel oor die eventuele verplasing van die Krugerstandbeeld van Stasieplein na Kerkplein. Die bestuur het daarop 'n subkomitee benoem om die saak te ondersoek.

Afskrifte van die Holford-plan is van die stadsraad verkry en mnr Cooper, stadsbeplanner, het 'n openbare lesing daaroor gehou. Met behulp van kaarte het hy die Holford-plan vir verandering van Kerkplein verduidelik. Maar verskeie persone uit die gehoor, o.a. dr Punt, het die planne afgekeur aangesien dit die historiese betekenis van die Plein geweld sou aandoen. Daar was toe ook sprake van 'n prysvraag wat die stadsraad vir verandering van Kerkplein sou uitskryf.

Hierna het 'n gesamentlike afvaardiging van die Genootskap Oud-Pretoria en die Krugergenootskap die burgemeester oor die saak gaan spreek. Die afvaardiging het versoek dat die prysvraagidee na die nuwe stadsraad verwys word, wat dan ook gebeur het, terwyl daar ook 'n versoek was dat die nuwe stadsraad die afvaardiging sal te woord staan. Hierdie ontmoeting vind op 3 Desember 1951 plaas. Die standpunt van dr Punt by die geleentheid is van belang: "Hy verduidelik dat die Genootskap Oud-Pretoria nie ten gunste is van die verandering van Kerkplein in die gees van die Holfordplan nie, veral omdat dit die geskiedenis van die Plein geweld aandoen. . . . Landmeter Du Toit het by die aanleg 'n oop stuk grond gekies vir die plein met slegs 'n geringe helling. Dit was nie 'n stuk grond wat kunsmatig opgebou is nie . . . In 1910 het daar 'n plan ontstaan om die Plein in vier dele te verdeel deur die hoofstrate deur te trek. 'n Petisie van dr Engelenburg en argitek De Zwaan het dit voorkom. Daarna is egter die huidige uitgrawings gedoen, wat volgens spreker onnodig en jammer was. Hy pleit vir behoud van die Plein as 'n oop ruimte soos dit oorspronklik bedoel was. Die Holfordplan sal dit opbrokkel omdat dit kunsmatige terrasse en uitgrawings sal meebring. Hy pleit verder daarvoor dat die Afrikaanse karakter van die Plein herstel word, beide wat plantegroei en argitektuur betref, ook dat die vervoer daarvan weggelei word en dat die ontsierende pale verwyder word."

Prof. Pelzer wat ook 'n afgevaardigde van die Krugergenootskap was, het veral die verskuiwing van die Krugerbeeld na die middel van die plein bepleit. Wat dit betref het die Genootskap Oud-Pretoria die Krugergenootskap heelhartig gesteun.

Of hierdie vertoë daartoe bygedra het, is moeilik om te sê; die Holford-plan is in elke geval nie uitgevoer nie en die Krugerstandbeeld is enkele jare later na Kerkplein verskuif.

## J. Die Bras Pereira-huis


Die huis het op die noordoostelike hoek van Paul Kruger- en Skinnerstraat gestaan. Dit was onopvallend, klein, 'n tipiese ou Boerehuis met 'n aangeboude oond aan die kombuis, die agterkant na Skinnerstraat gekeer, die voorkant na die erf waarop enkele bome en struike gestaan het. Volgens dr Punt was dit die oudste huis wat toe (in 1953) nog in Pretoria gestaan het. Hy het vasgestel dat die perseel te koop was en dat die huis waarskynlik gesloop sou word. Op 'n bestuursvergadering van 13 Maart 1953 stel hy voor dat die Stadsraad genader word om hierdie huis met dieselfde materiaal op die terrein van Bronkhorst se eerste huis in die Fonteinedal te herbou. Die plan is algemeen goedgekeur.

Op die volgende vergadering het mev Greenlees meer besonderhede verstrek wat sy van die toenmalige eienaar, mnr Heydenrych, verneem het. Bras Pereira was 'n Portugese handelaar wat direk uit Portugal na Transvaal gekom het. Onderweg het hy 'n Skotse dame in Pietermaritzburg ontmoet met wie hy getrou het. Hulle het die huis omstreeks 1870 gebou. Bras Pereira het 'n winkel in Paul Krugerstraat (destyds Markstraat) gehad.

Hierna het dr Punt steun van verskeie invloedryke inwoners van Pretoria verkry, soos o.a. raadslid Besaans, prof A.L. Meiring, mnr Walter Battiss en dr Rissik. Volgens raadslid Besaans was die Stadsraad die idee goedgesind maar het terug geskrik vir die onkoste daaraan verbonde. Hy het onderneem om die medewerking van die meesterbouersvereniging te verkry. Prof Meiring het verduidelik dat die huis in die tipiese pionierstyl gebou was, 'n boustyl van Kaaps-Hollandse herkoms, wat in die binneland vereenvoudig is tot huise wat vandag nog in Graaff-Reinet te sien is en toe deur die Voortrekkers verder vereenvoudig is. Hy lewer 'n sterk pleidooi vir die bewaring van die huis.

Mnr Battiss, bekende skilder, was van mening dat die huis 'n siel het "en ons mag dit nie uit ons kulturele lewe laat verlore gaan nie." Dr Rissik het hierby aangesluit. "Hy meen dat die toekomstige burgers van Pretoria ons daarvoor sal dank as ons iets dergeliks ('n opelugmuseum) in Pretoria begin". Het die toe toekomstige en tans huidige burgers van Pretoria iets om oor dankbaar te voel?

Mnr Heydenrych vertel dat hy die huis reeds in sy kinderjare geken het. By die kinders was dit bekend as die spookhuis. Daar het toe 'n sekere "oom Pietie Pereira", waarskynlik 'n afstammeling van die oorspronklike eienaar, in die huis gewoon. Hy was 'n enigsins sonderlinge man wat 'n groot massa koerante en ander papiere in die dak van die huis gebêre het. Toe hulle enkele jare vantevore elektriese ligte in die huis aangelê het, is gevind dat die oorspronklike rietdak nog onder die sink was. "Die kappe is met houtpenne aan mekaar getimmer en is moontlik van geelhout, die riete met rou rieme aan die latte vasgemaak. Een kamer het nog sy oorspronklike grondvloer en lakenplafon gehad." Hy bied die



*Die ekspedisie by die bekende Masambodrif deur die Limpopo by Combumune.*



*Oor die Limpopo terug by Mapai in Mosambiek*

huis daarop kosteloos aan die Genootskap aan.

Oor laasgenoemde aanbod was dr Punt verheug. Volgens hom was die eerste ronde daarmee gewen. Dr G.W. Eybers sien hierin die begin van 'n opelugmuseum. Mnr H.P.H. Behrens was egter van mening dat die huis bewaar moet word waar hy staan. Ook vir hom het die huis 'n siel gehad. Wat sou hy en Battiss met 'n siel bedoel het? Waarskynlik hou dit verband met die vreugde en leed wat oor die jare in die huis afgespeel het, miskien met die ongeskrewe stuk sosiale geskiedenis waarin so 'n huis 'n aandeel het. Hoe ook al mnr Behrens was van mening dat die siel van 'n huis nie saam met die huis kan verhuis nie. Miskien het hy gelyk gehad.

Die voorsitter wys egter daarop dat die Genootskap nooit die geld sou kan bymekaar bring om so 'n perseel te koop nie. Daar is toe 'n komitee benoem om die saak verder te voer bestaande uit mnr Heydenrych, argitek Norman Eaton, mnr Besaans, prof Meiring en dr Punt.

Hierna het al die mooi idealisme geleidelik begin wegkrummel. Die Stadsraad het Du Preezhoek as 'n staanplek vir die huis aangebied. As die Genootskap die aanbod maar aanvaar het, sou die huis moontlik behoue gebly het. Verskeie lede van die Genootskap het egter daarop gewys dat die terrein te klein was vir 'n opelugmuseum waarvan die huis deel moes uitmaak. Daar was sprake van 'n terrein tussen die Fonteine- en Delmaspad, later ook van ander terreine, waaroor nooit besluit kon word nie. Dr Punt was in hierdie tyd oorsee waar hy die Arnhemse Opelugmuseum besoek het. Na sy terugkeer het hy 'n lesing daaroor op 'n algemene vergadering op 26 Februarie 1954 gehou. Almal was geesdriftig en raadslid Seymore het gemeen dat 'n goed bewoorde voorstel die Stadsraad sou oortuig.

Hierna het sake oënskynlik gevorder. Ook die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap is genader en 'n moontlike beheerraad vir die opelugmuseum is bespreek. Oor die opelugmuseum kan 'n aparte verhaal geskryf word. Intussen het die Bras Pereirahuis bly staan waar hy was.

Eers op 6 Oktober 1960 maak die notule weer gewag van die huis. Mnr Davey het die dokumente uit die huis gerangskik en in die Argief opgeneem. Die meubels van die huis sou na die Transvaalse Museum gegaan het. Maar intussen het daar brand in die huis uitgebreek en omtrent alles van waarde is verwoes. Sommige van die dokumente het waterskade opgedoen.

Op 7 Desember 1960 het die volgende bestuurs- en ander lede die huis besigtig: mnre Eaton, Bodel (destyds sekretaris), Davey, Rex, Andrews, maj H. de V. du Toit en dr N.A. Coetzee. Uit die enigsins onduidelike verslag daaroor moet mens aflei dat die huis toe min of meer 'n ruïne was. Alles van waarde was verbrand; die meubels, insluitende 'n klavier, was so beskadig dat dit waardeloos was.

Rede vir die besoek was 'n berig dat voltooiing van die oordrag vir die verkoop van die perseel op 19 Desember sou plaasvind en dat die huis daarna spoedig gesloop sou word om plek te maak vir 'n parkeerterrein. Na dit voorkom was die Stadsraad die nuwe eienaar. Uit samesprekings het egter geblyk dat die sloping nie voor diep in Januarie 1961 sou plaasvind nie. Die Genootskap het gehoop om die huis met behulp van die Meesterbouersvereniging te sloop. Daar was so 'n belofte. Mnr Eaton het aangebied dat sy firma al die afmetings neem met die oog op heroprigting. Hy het bevind dat die bakstene vir die doel nog goed bruikbaar

was. Ten slotte kon die Meesterbouers ook nie help nie en daar is toe weer voort gegaan om oor 'n moontlike terrein vir 'n opelugmuseum te onderhandel.

Die saak het voortgesleep tot die volgende Junie toe 'n brief van die Stadsraad die spoedige sloping van die huis geëis het. Daar is vertoë tot die minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap gerig en later het die minister 'n deputasie ontvang. Daar is ook vertoë tot die Provinsiale Adminsitrasie gerig en briewe is aan al die Pretoriase volkraadslede geskryf. Selgs mnr De Wet Nel en dr J.C. Otto het daarop gereageer. Die Stadsraad het ten slotte R50 tot die sloping van die huis bygedra. Daarop is die huis gesloop en die materiaal op die perseel gepak "tot tyd en wyl die Opelugmuseum opgerig word."

Alles sloer hierna voort tot 1964 toe die Genootskap die ultimatum ontvang "dat die materiaal van die perseel verwyder moet word aangesien die nuwe natuurwetenskaplike museum daar gebou sal word." Dr T.S. Van Rooyen, wat toe ondervoorsitter was, het saam met mnr V. Wood van die Onderwysdepartement die materiaal gaan besigtig en bevind dat baie daarvan intussen verwyder is. Dit was duidelik dat die huis nie geheel en al uit die oorgeblewe materiaal herbou kon word nie. Die plan ontstaan toe om 'n gedeelte van die materiaal in die nuwe gebou in te messel. Die Stadsraad sal dan versoek word om die res te verwyder. Ook dit het nie 'n werklikheid geword nie.

Daarop kom in April 1965 berig dat die Stadsraad besluit het dat niks meer gedoen kan word nie en die materiaal is toe ten koste van R25 verwyder. Al wat oorgebly het is enkele foto's wat mnr Yates indertyd geneem het en by mnr Dotman Pretorius opgespoor is. Die natuurwetenskaplike museum is nooit op die perseel gebou nie en dit is vandag nog 'n parkeerterrein.

'n Mens vra jou af waarom alles so jammerlik misluk het. Miskien was daar nie genoeg daadwerklikheid om die ideale van dr Punt te steun nie. Dit sal nie help om die vinger na die of daardie te wys nie. Almal het skuld daaraan: die Stadsraad, die Provinsie, en Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en seker ook die Genootskap Oud-Pretoria self. Pretoria het 'n kultuurmonument armer geword.

*F.J. du T. Spies*

# DIE AANDEEL VAN DR W.H.J. PUNT IN DIE DAARSTELLING VAN DIE GEDENKTUIN IN MAPUTO, TER HERINNERING AAN DIE LOUIS TRICHARDT-TREK

Die naam van Dr Willem Punt is onlosmaaklik gekoppel aan die geskiedenis rondom Louis Trichardt en van Rensburg se trek na die Noorde. Hulle was die eerste inwoners wat die Kaap Kolonie in 1835 verlaat het. Die tragiese lotgevalle van die trek-geselskap en die baanbrekerswerk wat deur hulle gedoen is het Dr Punt, toe nog 'n sestienjarige seun, getref. Aan sy geskiedenis-onderwyser, Mnr J. de Wet, het hy gesê dat hy nog eendag sal gaan vasstel waar die Van Rensburg-trek uitgemoor en waar Louis Trichardt en sy mense begrawe is.

Hy het woord gehou en na voltooiing van sy studies met navorsing begin. Oor 'n tydperk van ses-en-twintig jaar het hy van sy vakansies en vrye tyd opgeoffer vir hierdie self-opgelegde taak.

Sy navorsing het hom geneem na Lissabon (Portugal) en Londen (Engeland) waar hy die argiewe letterlik deursnuffel het op soek na gegewens wat lig op die saak kon werp.

Die dagboek van Louis Trichardt het hy intensief bestudeer en kon so die roete wat deur die Voortrekker-leier van die Kaap tot by Lourenço Marques gevolg het en die plek waar hulle begrawe is, wetenskaplik bepaal. Dr Punt het sy bevindings geboekstaaf en onder Prof. H.B. Thom as promotor sy doktors-graad verwerf. Die verhandeling is gepubliseer onder die titel "Louis Trichardt se laaste Skof".

In 1952 is die Louis Trichardt-trek-monumentfonds gestig met Dr Willem Punt as voorsitter. Die doel daarvan was om fondse in te samel om 'n gepaste monument op die begraafplaas van die Trekkers op te rig. Weereens het Dr Punt onvermoeide ywer aan die dag gelê om ook hierdie verwante ideaal te verwesenlik.

Omdat die insameling op 'n deeltydse en vrywillige basis gedoen is het dit veertien jaar geduur voordat genoegsame fondse geïn was.

Op 12 Oktober 1968 is die Gedenktuin oopgestel. Die argitek was Mnr Johan de Ridder. Minister Jan de Klerk het die oopstellings-rede gehou en met baie waardering gewag gemaak van die besondere betekenis wat die navorsing van Dr Punt vir ons kultuur-historiese erfenis inhou.

Dr H.B. Thom stel dit so in die voorwoord tot die boek "Louis Trichardt se Laaste Skof": "Dr Punt het ons 'n diens bewys deur hierdie studie aan te pak. Dit was vir hom 'n liefdes-arbeid waarvoor hy koste, moeite en opoffering nie ontsien het nie. Oor die roete van die Trichardt-geselskap van Soutpansberg na Delagoabaai en oor die begraafplaas van die Trichardts in Lourenço Marques het hy tot nou toe die meeste en deeglikste nagevors. Met hierdie studie help Dr Punt ons om 'n deel van die Groot Trek-geskiedenis beter te verstaan. Mag sy werk andere aanspoor om ook in hierdie rigting te werk."

Ten slotte kan opgemerk word dat as dit nie was vir die *tydige* navorsing van Dr Punt nie, die ligging van die grafte van Louis Trichardt en sy mense nooit gevind sou gewees het nie. Die huidige politieke klimaat sou navorsing bykans onmoontlik gemaak het.

*J. de W. Trichardt*
*Voorsitter van die Louis Trichardt-Genootskap*